# DIE WOESTE LAEVELD REEKS

## DIE POORT VAN TRANE - NO 2

DEUR DEWALD BRINK EN BRAAM LE ROUX



# DIE POORT VAN TRANE

*deur*

**DEWALD BRINK en BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2020

# Die Poort van Trane

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1950's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE POORT VAN TRANE
deur Dewald Brink en Braam Le Roux

ISBN 978-1-928498-64-3

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2020)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

In die woeste bosveld van Oos-Transvaal het ’n meisie verlore geraak. Sy bevind haar in ’n gebied wat wemel van roekelose fortuinsoekers, beesdiewe en smokkelaars. Daar is ’n tragedie verbonde aan haar wegraak en ’n groot prys word uitgeloof aan die man wat haar lewendig kan terugbring.

Deur die kragte van die noodlot word ’n man op haar spoor uitgestuur. ’n Man wat ’n diepe wrok in sy hart het. ’n Man wat weke en maande lank al soek en soek en soek, nie na die vermiste meisie nie, maar na iemand teenoor wie hy al sy kille en verbete wraaklus sal afkoel, indien hy hom ooit opspoor.

Hy soek na ’n moordenaar... en dan loop hy ’n meisie raak wat hom laat wonder of sy nie dalk die geheimsinnige, “vermiste kleindogter van Oom Lodewyk Malan” is nie. Sy is self in hewige, asemrowende avonture betrokke. Hy kry dit reg om haar daaruit te red, maar dan kom hy te staan teen ’n vyand, so magtig en roekeloos soos die woeste Laeveld nog nooit geken het nie.

Selfs teen hom is hy egter opgewasse. Hierdie man van staal en soepele krag, wat ’n rewolwer kan hanteer, vinniger as wat weerlig kan slaan. Johan Grimbeek, is die held van die verhaal, wat hom daarop toelê om die Laeveld, oorstroom deur fortuin soekers sedert die ontdekking van goud in 1870, weer skoon te maak...

## UITTREKSEL

Opeens luister Johan aandagtig. Hy het hom verbeel dat hy ’n geknars hier vlak agter hom gehoor het. Die geraas van die beeste wat vinnig nader kom, word egter so hard dat hy nie dadelik kan vasstel wat dit kon wees nie. Opeens hoor hy dit nou weer. Johan kyk skuins na bo, en die volgende oomblik is ’n rewolwer blitsvinnig in sy hand. ’n Ruiter en perd is vir ’n oomblik teen die luglyn bokant hom sigbaar, dan verdwyn hulle in die donker skaduwees van bosse en rotse.

Sou dit een van die Masker se manne wees wat hier dalk moet spioen of die bymekaarkomplek veilig is? Johan voel onrustig. Indien die man een van die diewe is en hy het hom reeds gesien, dan is sy planne in die war gestuur. Hy durf egter nie uit die skaduwees te voorskyn tree nie.

# INHOUD

**Hoofstuk**

Hoofstuk 1

Hoofstuk 2

Hoofstuk 3

Hoofstuk 4

Hoofstuk 5

Hoofstuk 6

Hoofstuk 7

Hoofstuk 8

Hoofstuk 9

Hoofstuk 10

Hoofstuk 11

Hoofstuk 12

Hoofstuk 13

Hoofstuk 14

Hoofstuk 15

Hoofstuk 16

Hoofstuk 17

Hoofstuk 18

# Hoofstuk 19

# 2. DIE POORT VAN TRANE

## Hoofstuk 1

“En is jy van plan om met haar te trou as jy haar in die hande kry?” Die ouer man met die maer, bruingebrande gesig kyk sy jonger metgesel met ’n vonkeling in sy skerp, swart oë aan toe hy die vraag aan hom stel. Hulle ry langs mekaar te perd teen ’n steilte af, tussen bosveldbome deur.

Die jonger man, met ’n onversorgde, ruie, swart baard aan die gesig, grinnik.

“Weet nie,” sê hy met ’n skouerophaling. “As sy so mooi is as wat die ou kêrel sê, kan mens miskien nogal daaraan dink en as sy so baie geld gaan erf. Maar wat ek dink dit is sommer alles mal stories wat die ou snaar verkondig. As ek moet sê, sou ek sê hy is besig om kinds te word!”

“Hoe kan jy dit sê? Hy het jou self die kaart gewys en die stuk goud-erts ook. En jy sê die kaart is baie uitvoerig geteken... Kyk hierso, Swarts...”

Die ouer man trek meteens sy perd in, en sy klein, swart ogies bly vir ’n oomblik kwaadaardig op die gesig van die bebaarde, jonger kêrel. “Jy moenie nou ander stories begin verkondig nie. Jy het nie vantevore gesê dat jy dink dat hy aan kinds word is nie...”

“Ja-nee, maar ek grap ook maar nou sommer,” verduidelik Swarts haastig. “Ek glo darem dat dit ’n regte kaart is daardie, wat die ou my gewys het. Hy moet taamlik kennis van die dinge hê, want hy is al meer as

vyftien jaar lank nog van voor 1870 af so op ’n los en vas manier met goud soekery besig. Maar wat betref die wonderlike kleindogter van hom wat glo so spoorloos verdwyn het... ek weet nie...” Hy haal sy skouers op en grinnik weer.

Hulle ry aan, ’n Hele ruk lank praat nie een nie. Hulle hou al in die ruigtes langs, nie in die oop deel hoër op teen die berghang nie. Die perde moet op plekke sukkelend hulle pad tussen ruie bosse deur baan, en dan is die twee ruiters verplig om agter mekaar te ry. Toe hulle ’n ruk later weer langs mekaar ry, sê die ouer man ’n skraal, benerige kêrel wat sterk en regop op sy perd sit, met sy swaar rewolwers aan ’n bandelier om sy heupe.

“En hoe sê die ou, hoe lyk die kleindogter van hom nou eindelik? Hy het haar dan glo nog nooit eers gesien nie?”

“Wel, hy het my ’n prent van haar ma gewys, en hy sê sy moet so lyk. Sy sal glo lig van gelaatskleur wees en moet blou oë hê.

Hy sê sy dogter dit is die meisie se ma was glo die mooiste nooi in Oos-Transvaal. Maar hy het gehoor sy is al dood. Nou soek die ou hom mal na sy kleindogter, want hy het glo bitter berou omdat hy destyds sy eie dogter van die huis af weggejaag het.”

Die ouer man antwoord nie hierop nie. Sy gedagtes, grimmig en sardonies, dwaal baie ver weg.

Hy wonder of die oubaas van wie hulle praat en na wie hulle onderweg is, weet dat hy in werklikheid twee kleindogters het. Sou hy ooit weet dat sy wonderlike

dogter sy was beslis die "mooiste nooi in Oos-Transvaal" van haar eerste man af weggeloop en met 'n ander kêrel gaan trou het? Sou hy ooit weet dat sy reeds dood is?

Sou hy ooit droom wat van die twee kinders geword het, die een by die eerste man en die ander by die tweede man? Sou hy ooit kon droom dat sy dogter se eerste man op die oomblik hier te perd ry, onderweg na hom toe, met die doel om daardie geheimsinnige kaart in die hande te kry?

Die ou het groot rykdom aangebied aan enigeen wat dan sy vermiste kleindogter kan opspoor. Soms het hy bygevoeg dat hy die rykdom en sy kleindogter aan so 'n man sal gee...

Daar is 'n amper sardoniese laggie op die bruingebrande gesig van die ruiter toe hy hieraan dink. Die ou man het al meer as een maal aan mense gesê dat as hy ooit sy "vervloekte skoonseun" moet raakloop, hy hom soos 'n hond sal doodskiet.

Ons sal sien, ons sal sien, dink die maer, donkerharige ruiter met die bruingebrande gesig.

Die twee ruiters vorder stadig deur die bosse. Hulle hou nou in die koelte van 'n doringboom stil, en die ouer man haal 'n stuk papier uit sy sak waarop 'n ruwe tekening gemaak is.

"Ek dink dit moet hierlangs wees," sê hy. "Daar bo is 'n swarte statjie. Jy kan gerus gaan navraag doen. Vind uit maar versigtig, hoor! of die ou man en die ander kêrel gewoonlik wapens dra. Ek dink persoonlik die kamp

moet net hier om die draai wees. Ek sal nie graag wil hê dat hulle ons dalk moet sien nie, vind dus maar by die swartes uit hoe ver dit nog is. As dit naby is, sal ons hier onder in die kloof moet bly totdat dit donker is."

Toe hy klaar gepraat het, kyk hy sy metgesel 'n oomblik stip in die gesig. Dit lyk of Swarts aarselend is.

"As die swartes my sien, en daar gebeur iets by die kamp as daar 'n skietery of so iets plaasvind dan ken hulle net vir my..." maak hy beswaar.

"Onsin," kom dit skerp. "Daar sal geen skietery wees as dit nie nodig is nie. En as dit nodig is, sal jy nie daaraan hoef deel te neem nie. Ek neem nie papbroeke saam met my vir belangrike werk nie. Loop doen nou wat ek jou sê."

Swarts trek sy perd ongeduldig eenkant toe en ry teen die hoogte uit na waar die paar swart strooise staan.

Hy kom 'n halfuur later terug.

Die ander man het van sy perd afgeklim en staan in die skaduwee van die boom en wag. Hy is 'n lang, skraal man van meer as middeljarige leeftyd. Hy skuif die swaar rewolwer bandelier met twee rewolwers daarin, om sy middel reg. Bo-oor 'n hemp dra hy 'n onderbaadjie van gebreide leer, en sy koffiekleurige broek se punte raak weg in kort swart kamaste.

Swarts sê.

"Dit is net hier om die draai. En die oubaas is op die oomblik stoksielalleen. Die ander kêrel wat saam met hom hier goud delf, is weg na Mac-Mac toe. Maar die swartes verwag hom nou enige tyd terug."

"Ek sien," sê die ouer man. Hy staan 'n oomblik fronsend en nadink. "As hy van Mac-Mac afkom," sê hy na 'n ruk, "moet hy daar teen die berghang afkom. Hy moet die spruit in elk geval daar onderlangs deurgaan." Hy wys met sy hand 'n myl of wat na die regterkant toe. Weer staan hy 'n oomblik en nadink, toe sê hy meteens. "Nee, kyk hier, die beste plan sal wees dat jy terugry. Gaan keer hom voor. As mens hier vir hom wag, kan dinge dalk verkeerd loop. Ek dink nou daaraan hy kan miskien van die kant af ook kom, en dan is hy by die kamp voordat ons hom in die hande kan kry. Ry jy nou terug, al is dit tot onderkant die berg vlak by Mac-Mac. Jy moet hom êrens in die oog kry. Dit sal jou volop kans gee om hom voor te lê. Neem sy perd by hom af. Dit is al wat nodig is. En laat hom dan voetslaan terug na Mac-Mac toe. Dit sal my genoeg tyd gee..."

"Nou goed, as jy so dink..." Die jonger kêrel skyn meer tevrede te wees met hierdie opdrag. Om 'n man voor te lê en te dwing om sy perd aan jou te gee, is minder gevaarlik as om iemand met geweld van sy besittings te moet gaan beroof en in die proses miskien bewusteloos te slaan of dalk nog te skiet want die oubaas hier onder in die kloof sal seker soos 'n tier veg voordat hy daardie kaart oorhandig. Hy sal miskien wil skiet, en dan... Die jong man se oë dwaal na die rewolwers aan die sye van sy ouer metgesel. Hierdie man is baie lief om daardie rewolwers te gebruik, en hy is buitendien so vinnig en so genadeloos soos 'n mamba daarmee.

Toe Johan Grimbeek van Mac-Mac af wegry, weet hy

dat hy nie voor lank na sononder by Oom Lodewyk Malan se kamp kan terug wees nie. Hy voel nie juis onrustig daaroor nie, hoewel die wêreld hierlangs nog vol wilde diere is. Die maan sal darem gelukkig sommer vroeg op wees, en buitendien, teen daardie tyd sal hy in die oop wêreld, weg van die klowe af, kan hou.

Die son skyn nou nog warm, hoewel dit al laag begin afsak, en Grimbeek raak gou-gou verdiep in sy gedagtes.

Waarom glo Oom Lodewyk so vas dat sy blou oë en ligte hare het, wonder hy... ’n Meisie met laggende, blou oë en ryk, glimmende, goudgeel hare.

Johan Grimbeek sien haar in sy verbeelding, asof sy te perd hier langs hom ry, en dit is miskien om daardie rede dat hy, ’n hele ruk later, nie so skerp op sy hoede is as wat hy anders sou gewees het nie.

Hy dink een strook deur aan die meisie en aan Oom Lodewyk, en aan die tragiese foute wat mens soms in die lewe kan maak. Wat ter vreugde kon die ou man nie gehad het as hy nie destyds die fout gemaak het om sy dogter van hom af weg te jaag nie. Nou is sy dood, en nou leef die oubaas net in die hoop dat hy eendag sy klein dogter sal kan opspoor. Hy word in die jongste tyd sommer lastig daaroor, want nie net hy, Grimbeek, nie, maar almal wat die oubaas raakloop, word oor die aangeleentheid gespreek en gevra om te help soek.

Grimbeek glimlag toe hy dink aan wat sy bejaarde ou vriend en peetvader sou sê as hy eendag met die nooi daar by hulle kamp sou aangery kom!

By ’n opening tussen die ruie bosse, stuur hy sy perd

deur en af na die spruitjie in die kloof. Hy dink daaraan dat dit miskien verspot van hom was om, net om Oom Lodewyk Malan weer tevrede te stel, vir die soveelste keer myle ver te ry om 'n wilde gerug oor iemand wat dan sou weet waar die meisie Is, te gaan ondersoek.

Vonk sukkel teen die skuins, steil wal af. Sy neusgate rek wyd, en hy ruk ongeduldig met sy kop om by die water te kom.

'n End van Grimbeek af het die bebaarde, jongerige man, wat hom dophou vandat hy van die berghang afgekom het, sy perd agter 'n ruie bos ingetrek en die teuels aan 'n tak vasgehaak. Haastig bind hy 'n doek oor 'n deel van sy gesig en sluip vinnig nader na waar Grimbeek teen die wal afgedaal het.

Vonk en Grimbeek is reeds by die water. Swarts sien hoe hy die stang uithaal om die dier gemaklik te laat drink. Toe sluip hy vin nig, geruisloos, gebukkend, nader.

Toe die perd klaar gedrink het, gaan Grimbeek self ook drink. Hy sit op sy knieë en skep die water met sy hande.

By Grimbeek is geen geweer te sien nie. Hy dra egter om sy middel 'n heup-bandelier en twee rewolwers. Hy is al so gewoond aan die rewolwers dat hulle soos deel van sy kleredrag is. Die patroonband en die rewolwers is buitendien van dieselfde donker kleur as sy broek en dit is miskien die rede waarom die bebaarde kêrel dit nie betyds raaksien nie.

"Vriend, steek jou hande in die lug!" dink 'n stem meteens gebiedend agter Grimbeek waar hy sit en water